

AFGEROND MET HALFRONDDES



Die gehekelde halvesirkels vorm 'n baie mooi rand om die linnelap. Dit lyk komplete asof die lap op 'n aantal doilies lê!

BENODIGDHEDE: Ecru Tridalia-hekelgaring Nr. 8, ongeveer 100 g; hekelpen van 1,25 mm; linne van 180 cm breed en 55 cm lank.

AFKORTINGS: st(e) – steek(steke); ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; hlb – halflangbeen; dsl – dubbelslagsteek; driesl – drieslagsteek; viersl – vierslagsteek; gs – glipsteek; herh – herhaal; sp(s) – spasië(spasies); goh – garing om hekelpen; vlg – volgende; trs(s) – trossie(trossies).

AANWYSINGS: HALFRONDE MOTIEF: 1e ry: Hekel 13 ks en sluit om 'n ring

te vorm met 'n gs.

2e ry: 13 kb in ring, draai.

3e ry: 3 ks (=1e lb), 1 lb in elk van vlg 12 kb, draai.

4e ry: 6 ks (=3 ks vir 1e lb en 3 ks vir 1e sp), in elk van vlg 11 ste, 1 lb in laaste st, draai.

5e ry: 1 kb in 1e st, in elk van vlg 12 sps hekel (1 kb, 1 hlb, 1 lb, 1 hlb, 1 kb), 1 kb in laaste st, draai.

6e ry: 8 ks, (4 ks vir 1e dsl en 4 ks vir 1e sp), slaan eerste 6 ste oor, *(1 dsl, 4 ks) in vlg sp, slaan 5 ste oor*; herh nog 10 keer, 1 dsl in laaste st, draai.

7e ry: 1 kb in 1e st, (1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 hlb, 1

kb) in elk van vlg 12 sps, 1 kb.

8e ry: 10 ks (1 driesl plus 5-ks-sp), slaan eerste 8 ste oor, *(1 driesl, 5 ks) in vlg sp, slaan 7 ste oor*; herh van * tot * nog 10 keer, 1 driesl in laaste st, draai.

9e ry: 1 kb in 1e st, (1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb) in elk van vlg 12 sps, 1 kb in laaste st, draai.

10e ry: 17 ks (6 ks vir 1 viersl en 11 ks vir 11 ks-sp), slaan eerste 10 ste oor, *(1 viersl, 11 ks) in vlg sp, slaan 9 ste oor*; herh van * tot * nog 10 keer, 1 viersl in laaste st, draai.

11e ry: 1 kb in eerste st, (3 ks, slaan 2 ste oor, 1 kb in vlg st) rondom, draai.

12e tot 19e ry: Hekel 1 kb en 4 ks in eerste st, (1 kb en 3 ks) in elke vlg sp tot einde, 1 kb in laaste sp, draai.

20e ry: 3 ks, slaan 1e sp oor, 1 lb in vlg sp, hou laaste lus op hekelpen, 1 lb in daaropvlg sp, hou laaste lus op pen, goh en trek deur alle lusse, (=2-lb-tr gemaak), 12 ks, 'n 2-lb-tr oor vlg 2 sps, 3 ks, 1 gs in 10e ks van vlg 12 ks van vorige ry, *9 ks, 'n 2-lb-tr oor vlg 2 sps, 3 ks, gs in 10e van vlg 12 ks*; herh van * tot * rondom, draai.

21e rondte: 1 kb in dieselfde sp as gs, (1 kb, 1 hlb, 4 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke sp tot einde, knip garing af.

Hekel nog 9 sulke motiewe.

MIDDELSTUK: Knip 'n reghoek van 53 x 81 cm uit linne; werk 'n smal soom van ongeveer 1 cm, en werk die halfronde motiewe met fyn stekies aan middelstuk vas.

OMRANDING: 1e rondte: Begin in middel van 'n kort kant en heg garing vas tussen eerste 2 groepe van 8 ste — dus in die punt gevorm tussen 2 motiewe — maar as 't ware bo-op eerste 2-lb-tr van linkermotief en hekel 12 ks (5 ks vir 1 driesl en 7 ks vir 7-ks-sp); *hekel 20 keer: (slaan 8 ste oor, 1 driesl en 7 ks in vlg sp), slaan 8 ste oor, 1 driesl in vlg sp, hou laaste lus op pen, 1 driesl in ooreenstemmende sp van vlg motief, hou laaste lus op pen, goh en trek deur alle lusse, 7 ks*; herh van * tot * rondom en eindig met 1 gs in 5e ks van begin-ks.

2e rondte: *7 kb in vlg sp, 7 ks, slaan vlg st en vlg sp oor, (1 dsl, 4 ks) 3 keer in vlg st, 1 dsl in dieselfde st, 7 ks, slaan vlg st en sp oor*; herh van * tot * nog 5 keer, 1 kb in vlg sp, 9 ks, slaan 1 st en 1 sp oor, 1 kb in vlg sp, 7 ks, draai, 1 gs, 1 gs in ooreenstemmende voorafgaande kb, draai, herh van * tot * nog 6 keer, 7 kb in vlg sp; herh rondom oor elke motief en eindig met gs in beg-kb.

3e rondte: 1 kb in elk van eerste 5 ste, slaan 2 ste oor, *(6 lb, 1 hlb, 1 kb) in vlg sp, (1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 lb) in elk van vlg 3 sps, (1 kb, 1 hlb, 6 lb) in vlg sp, slaan 2 ste oor, 1 kb in elk van vlg 3 ste, slaan 2 ste oor*; herh van * tot * oor een kant, tot by die 7 ste wat in vorige rondte in elk van vlg 2 hoek-sps gehekel is; hekel 1 kb in elk van vlg 10 ste, slaan 2 ste oor, herh van * tot * oor elke kant, hekel die hoeke soos uiteengesit en eindig met 1 gs in beg-kb.

Knip garing af en werk netjies af.